LIMPOPO
PROVINCIAL GOVERNMENT
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERIFIKAAT**

# GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

## VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

## SEPTEMBER 2013

**PUNTE: 120**

**TYD : 2½ UUR**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 18 BLADSYE**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.
1. Beantwoord AL die vrae.

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A | Kyk- en Leesbegrip | VRAAG 1 | 30 punte |
| AFDELING B | Opsomming | VRAAG 2 | 10 punte |
| AFDELING C | Taal | VRAAG 3-6 | 60 punte |
| AFDELING D | Letterkunde | VRAAG 7-8 | 20 punte |

2. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
3. Trek ’n streep na elke afdeling.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Laat ’n reël oop na elke antwoord.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

### VRAAG 1:

### TEKS A TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande stuk en beantwoord die vrae.

**“ALARM-DIEWE” DOENIG OP DIE DORP.**

1. Diewe en motorkapers wat van gewone huisalarms se afstandbeheer gebruik om toegang tot voertuie te verkry, het onlangs weer op Mokopane toegeslaan.

2. Die dief staan in plekke soos parkeerareas met ’n huis of elektriese hek se afstandbeheer in sy sak. Sodra ’n voertuig wat hy wil kaap/steel, of die inhoud daarvan roof, in die parkeerarea kom, sorg hy dat hy nader aan die voertuig kom. Die skelm kan sy daad van so ver as 10 meter van die voertuig af doen. Sodra die bestuurder uitklim, rig die dief sy afstandbeheer op die voertuig en druk die knoppie op sy afstandbeheer. Hy hou dan die knoppie die heeltyd in.

3. Die bestuurder van die voertuig druk dan sy voertuig se sentralesluitstelsel se knoppie om sy voertuig te sluit en stap weg. Hy dink die voertuig is gesluit.

4. Wat egter gebeur het, is dat die dief se handeling die werking van die motor se sentralesluitstelsel geneutraliseer het. Die voertuig is dan nie gesluit nie.

5. Die dief wag tot die bestuuder weg is en stap dan nader. Hy maak die voertuig se deur oop en steel net wat hy wil.

6. As die motor se kattebak van binne met 'n hefboom oopmaak, doen hy dit ook en kan die goed uit die kattebak steel. Wil hy die voertuig kaap, het hy genoeg tyd om die drade te koppel om die voertuig aan te skakel.

7. Indien hy net die inhoud geroof het, stap hy na sy daad doodluiters weg.

8. Die bestuurder kom later terug en druk sy voertuig se sentralesluitstelsel om die voertuig oop te sluit. Hy kom dan die eerste keer tot die besef sy voertuig was nie gesluit nie.

9. Hy is dan ewe verbaas dat hy "vergeet" het om dit te sluit. Dis eers as hy inklim dat hy sien sy goed is gesteel. Dan is dit egter te laat.

10. 'n Mens moet seker maak dat jou voertuig wel sluit wanneer jy die sentralesluitstelsel gebruik. Sluit dit nie, kan jy weet die kans is goed dat daar 'n voornemende dief in die omgewing is wat van hierdie truuk gebruik maak.

11. *Bosvelder* het ook verneem dat hierdie diewe aggresief kan optree. Die publiek se raad in dié verband is om, as die voertuig nie wil sluit nie, dadelik in die voertuig te klim en die parkeerarea te verlaat.

[Verwerk uit: *Bosvelde*r 2013]

**VRAE**

1.1 In watter dorp word daar in voertuie ingebreek? (1)

1.2 Is die volgende stelling **waa**r of **onwaar?**

1.2.1 Mense se voertuie word gewoonlik by hulle huise gesteel. (1)

1.2.2 Motiveer jou antwoord in 1.3.1. (1)

1.3 Wat gebruik die dief om toegang tot die voertuig te kry? (1)

1.4 Waar staan die diewe gewoonlik om sulke misdaad te pleeg? (1)

1.5 Wat doen die dief dan as hy in die voertuig is? (1)

1.6 Wat doen die dief as hy die voertuig wil kaap/steel? (1)

1.7 Wat kom die bestuurder agter as hy by sy voertuig kom? (1)

1.8 Watter raad gee die ander voertuigeienaars aan die publiek om te keer dat hulle goed so gesteel word? (Noem 2 feite) (2)

1.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.
Die skelm kan baie _____ staan om ŉ voertuig te kaap.
A. Ver
B. Nader
C. Oral
D. Langs (1)

1.10 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.
Hoekom,dink jy, is die woordjie “vergeet” tussen aanhalingstekens geskryf? [par.9]
A. Die bestuurder is seker dat hy nie die voertuig gesluit het nie.
B. Die bestuuder het nie vergeet om toe te sluit nie.
C. Die bestuurder het rêrig vergeet om toe te sluit.
D. Die bestuurder is seker dat hy die voertuig gesluit het. (1)

1.11 Kies die KORREKTE antwoord om die ander betekenis/sinoniem van die onderstreepte woord te gee.
Daar is ŉ dief in die omgewing wat besig is om van hierdie truuk gebruik te maak.
A. Tegniek
B. Grappie
C. Motor
D. Voertuig. (1)

1.12 Wat sal jy doen as jy skielik omdraai en jy sien ŉ dief is besig in jou motor? (1)

1.13 Watter woord in paragraaf 11 sê vir jou dat jy versigtig vir die dief moet wees, want hy kan jou seermaak. (1)

1.14 Watter verskil dink jy sal die artikel aan die getal motors wat gesteel word, maak? Verduidelik jou antwoord. (2)

## TEKS B INFORMATIEWE TEKS

Lees die onderstaande stuk en beantwoord die vrae.

## RUIL SO EN KEER VIR 'n VLOOI IN DIE KOOI(BED)

| **Só vervang die Britte hulle beddegoed** | | **Só vervang Rapport se lesers hulle beddegoed** | |
|---|---|---|---|
| Elke week | 40% | Elke week | 55% |
| Elke twee weke | 36% | Elke twee weke | 24% |
| Maandeliks | 17% | Maandeliks | 14% |
| Jaarliks | 1% | Elke drie weke | 2% |
| | | Jaarliks | 1% |



**Dis wat jy eintlik moet doen:**

**Beddegoed**: Ruil een keer per week.

**Handdoeke**: Ruil na elke derde gebruik.

Persoonlike higiene is belangrik. Om te keer dat kieme oorleef en jy infeksies kry, moet jy jou beddegoed gereeld vervang. Vuil beddegoed trek bedgoggas wat allergieë soos asma, ekseem en hooikoors meebring.

[Verwerk uit *Rappor*t, 3 Feb. 2013]

**VRAE**

1.15 Hoe sal jy weet as jy 'n bedgogga in jou bed het? (1)

1.16 Gee 'n voorbeeld van 'n bedgogga wat in die teks genoem word. (1)

1.17 Hoe dikwels moet 'n mens eintlik beddegoed vervang? (1)

1.18 Hoe dikwels moet 'n mens eintlik handdoeke vervang? (1)

1.19 Pas die gegewens in kolom A by die inligting in kolom B Skryf slegs die letter van die alfabet langs die vraagnommer neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.19.1 Rapport se lesers vervang hul beddegoed elke twee weke. | 1% |
| 1.19.2 Die verskil in persentasie tussen die Britte en die Rapport se lesers wat maandeliks beddegoed omruil. | 3% |
| 1.19.3 Britte vervang hul beddegoed een keer 'n jaar. | 17% |
| | 24% |

(3)

1.20 Hoekom,dink jy, is dit belangrik dat mense hul beddegoed gereeld moet vervang? (1)

1.21 1.21.1 As jy na die persentasies van die hoeveelheid mense kyk wat een keer 'n week hulle beddegoed omruil, wie dink jy lewe die skoonste: die Britte of Rapport se lesers? (1)

1.21.2 Bewys jou antwoord uit die teks. (2)

1.22 Waarom dink jy ruil baie mense nie gereeld hulle beddegoed om nie? (1)

1.23 Wat is die rede waarom die skrywer vir ons hierdie inligting gee? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

**VRAAG 2:**

- Som die inligting oor *SMS-ETIKET* in jou eie sinne op.
- Skryf die sinne puntsgewys in volsinne onder mekaar in jou antwoordboek neer.
- Jou opsomming mag NIE langer as 60 woorde wees nie.
- Skryf die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming neer.

**WENKE VIR DIE GEBRUIK VAN SMS'e**

1. Gebruik SMS'e vir vinnige en goedkoop kommunikasiel. Jy betaal min en kan vir iemand 'n boodskap stuur of ontvang.

2. Moenie laatnag SMS nie. Die meeste mense sal nie telefoonoproepe maak as hulle drie-uur in die oggend sukkel om te slaap nie. Maar baie mense voel dat dit heeltemal reg is om so laat SMS'e te stuur.

3. SMS-taal is nie geskik vir alle situasies nie. Jy kan vir jou vriendin SMS "jamr, k gan biki laat wees", maar beslis nie vir jou baas by die werk nie.

4. Moenie in geselskap te sit en boodskappe te stuur of ontvang. Gaan uit en stuur jou boodskappe waar jy niemand pla nie.

5. Dis verkeerd om SMS'e op sekere plekke te stuur. Dit is 'n verkeersoortreding om te SMS terwyl jy bestuur. Moenie sit en SMS'e stuur in die fliek nie – jou selfoon se liggie pla die ander mense om jou.

6. Wees versigtig wat jy in 'n SMS sê. Onthou SMS'e lei maklik tot misverstande. Omdat hulle nie jou lyftaal soos gesiguitdrukkings kan lees nie, kan jou boodskap verkeerd verstaan word.

7. SMS'e is slegs vir gesels bedoel. Dis nie voldoende vir belangrike reëlings of uitnodigings nie. Bel eerder.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.



[Uit: *Making money*, Sandy Trull]

• Skryf net die vraagnommer en die KORREKTE antwoord neer.

• Al die antwoorde in hierdie vraag moet KORREK gespel word.

Wusi is 'n besigheidsman/entrepeneur.

3.1 Gee die korrekte ANTONIEM (woord wat die teenoorgestelde beteken) vir die woord tussen hakies.
Om 'n entrepreneur te wees, moet jy (dom) wees. (1)

3.2 Gee die korrekte DEELWOORD vir die woord tussen hakies.

Jy moet (vinnig) besluite kan neem. (1)

3.3 Gee die korrekte TRAP VAN VERGELYKING vir die woord tussen hakies.

Jy moet die (goed) produkte teen lae pryse verskaf. (1)

3.4 Gee die VROULIKE VORM van die woord tussen hakies.

As hy baie geld gemaak het, sal hy ŉ (verkoopsman) aanstel. (1)

3.5 Gee die korrekte SINONIEM (woord wat dieselfde beteken) vir die woord tussen hakies.

Sy sal die (mooiste) vrou wees.

3.6 Gee die INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies.

Sy sal (blou) kussings vir die mense maak. (1)

3.7 Gee die SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Die (winkel+rakke) sal vol met goedere wees. (1)

3.8 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Die (klant) sal elke dag kom kyk wat daar in die winkel is. (1)

3.9 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die kasregister (in wat) die geld gehou word, sal altyd gesluit wees. (1)

3.10 Skryf die GETAL in woorde.

As hy (28) jaar oud is, sal hy ryk wees. (1)

3.11 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Dan sal hy ŉ (betroubaar) motor hê. (1)

3.12 Kies die korrekte VOORSETSEL.

As hy (op/met) vakansie gaan, sal dit na mooi plekke wees. (1)

3.13 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Sy vrou sal mooi (ringe, oorbelle en horlosies) hê. (1)

3.14 Gee die VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Almal sal oor die (kussings) in sy winkel praat. (1)

3.15 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies.

Elke maand sal hy al (sy/haar) voorraad in die stad gaan koop. (1)

3.16 Gee die korrekte ANTONIEM (woord wat die teenoorgestelde beteken) vir die woord tussen hakies.

Hy sal 'n (groot) horlosie dra. (1)

3.17 Kies die korrekte LIDWOORD tussen hakies.

Hy sal ('n/die) mooiste toekoms hê. (1)

3.18 Gee die regte RANGTELWOORD vir die woord tussen hakies.

Hy sal die (een) prys in die entrepeneurskompetisie wen. (1)

3.19 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies.

(Eina/Hoera/Ai, die ander mense gaan so jaloers wees! (1)

3.20 Kies die korrekte LIDWOORD tussen hakies.

Maar hiervoor moet ('n/die) mens baie hard werk! (1)

**[20]**

## VRAAG 4: SINSTRUKTURE

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

[Uit: *abangane,* Incwadi 1]

4.1 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Die padda spring in die water.

Begin só: Die padda ... (2)

4.2 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Die vrou eet roomys.

Begin só: Roomys ... deur die vrou ... (2)

4.3 Kies die KORREKTE VRAAGWOORD(E) uit die raampie sodat die onderstreepte deel van die sin, die antwoord is. Skryf die hele sin uit.

| Wat; Hoe; Na wie |
|---|

Begin só: ... wil die kind hê? (1)

4.4 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Die paddas spring weg. Die hond jaag hulle. (omdat) (2)

4.5 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Die hond het die padda gevang.
Begin só: Die hond het ... (2)

4.6 Rangskik die woorde tussen hakies in die KORREKTE VOLGORDE. Skryf die hele sin uit.

Die meisie loop (in die straat) (elke oggend) (baie stadig). (2)

4.7 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Die seun sê: “Ek wil ook roomys hê.”
Begin só: Die seun ... (2)

4.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die hele sin uit.
Die vrou (hoef nie/hoef nie om) die sambreel oop te maak nie. (1)

4.9 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.
Die vrou sê dat die roomys heerlik is.
Begin só: Die vrou ... (2)

4.10 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.
Die straat is vol water.
Begin só: Die straat ... (2)

4.11 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.
Die vrou het ’n handsak gedra.
Begin só: ’n Handsak ... deur die vrou ... (2)

4.12 Skryf die sin oor, begin soos aangedui.
Die meisie en die baba sal môre weer roomys kom koop.
Begin só: Môre ... (1)

4.13 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.
Die seun het ’n langbroek gedra.
Begin só: Die seun ... (1)

4.14 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Die baba wil ook roomys hê.
Begin só: Die baba ... (1)

4.15 Kies die KORREKTE ANTWOORD.
Ek is lus ... roomys.
A met
B vir
C aan
D tot (1)

4.16 Voltooi die INFINITIEF. Kies die korrekte woord(e).

Die roomyswinkel (behoort/behoort om) vanmiddag oop te wees. (1)

**[25]**

**VRAAG 5: REDIGERING**

Jou onderwyser het die foute in jou storie onderstreep. Jy moet die storie deurlees en die foute wat onderstreep is, regmaak.

[Uit: *Making money*, Sandy Trull]

| | |
|---|---|
| 1. | My naam is nthabiseng. Ek is elv jaar oud. Ek is 1.2 m lank. |
| 2. | My broer verjaar en ons gaan partykie hou. Ek kan nie wag! |
| 3. | My ma het baie koekies gebak, maar ons mag nog nie raak daaraan nie. |
| 4. | Ek ken dat daar baie koekies is. My ma sal nie weet as ek een vat nie. |
| 5. | Ek het die stoel nader getrek. Ek behoort om by te kom as ek op my tone staan. |
| 6. | O nee, daar val die blik met die koekies! Die koekies oral op die grond lê. |
| 7. | Wat gaan ek nou doen |
| 8. | Ma het my gehoor. Nou gaan haar my vang! |

5.1 Verbeter die hoofletterfout in die eerste sin van reël 1. (1)

5.2 Verbeter die spelfout in die tweede sin van reël 1. (1)

5.3 Verbeter die verkleiningsfout in die eerste sin van reël 2. (1)

5.4 Skryf die tweede sin in reël 2 oor en verbeter die ontkenningsfout. (1)

5.5 Skryf die onderstreepte gedeelte van die sin in reël 4 oor en verbeter die woordordefout. (1)

5.6 Verbeter die woordkeusefout in reël 4. (1)

5.7 Verbeter die taalfout in die onderstreepte gedeelte van reël 5. (1)

5.8 Skryf die tweede sin in reël 6 oor en verbeter die woordorde. (1)

5.9 Skryf die sin in reël 7 oor en vul die leesteken in wat uitgelaat is. (1)

5.10 Skryf die onderstreepte sin in reël 8 oor en verbeter die voornaamwoord. (1)

**[10]**

## VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID EN INTERPRETASIE VAN TEKSTE

- Kyk na die volgende prente en kies die regte antwoord wat daarby pas.

6.1 Die onderwyseres is **kwaad** omdat die meisie laat by die skool gekom het.

[Uit: *UBUNGANE*]

Kies die sin wat aandui hoe kwaad sy is.

A. Lisa, jy is nie so baie laat nie. Vergeet daarvan.
B. Lisa, alles reg. Sorg dat jy dit nie weer doen nie!
C. Lisa jy is laat. Moenie dat dit weer gebeur nie!
D. Lisa, toemaar. Almal kom laat. (1)

6.2 Die man vertel ou stories aan die kinders.

[Uit: *UBUNGANE*]

Hy sê:

A "Eendag, lank lank gelede was daar 'n man."

B "Eendag, lank lank gelede daar was ŉ man."
C "Lank lank gelede, daar was ŉ man, eendag."
D "Daar was ŉ man, lank lank gelede, eendag." (1)

6.3 Die man breek sy verhouding met die vrou, maar hy wil haar **nie seermaak nie**.



[Uit: *UBUNGANE*]

Hy sê:
A. "Jy is lelik, ek is nie meer lief vir jou nie."
B. "Ek wil jou nie meer hê nie, want jy kan nie lekker kos koop nie.."
C. "Ek is jammer, maar ek is nie meer lief vir jou nie."
D. "Ek is jammer, maar jy is te lui vir my." (1)

6.4 Die vrou **groet die man liefdevol** in die oggend voordat hulle gaan werk.



[Uit: *UBUNGANI*]

Sy sê:
A "Totsiens, my man, gaan doen jou werk."
B "Totsiens, my man, ek hoop dat jy ŉ lekker dag sal hê."
C "Totsiens, jou luiaard, gaan doen jou werk."
D "Koebaai, my man, ek sal jou sien." (1)

6.5 Die pa is bly omdat sy seun goeie punte op sy rapport gekry het.

[Uit: *UBUNGANI*]

Hy sê:

A "Baie geluk, Jannie, ek trots is op jou!"
B "Veels geluk, Jannie, jou punte hulle is goed!"
C "Veels geluk, Jannie, ek is trots op jou!"
D "Baie geluk, Jannie, ek is teleurgesteld in jou!" (1)

**TOTAAL AFDELING C: [60]**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

## BLADSAK – LUCAS MALAN

- Hierdie afdeling bestaan uit TWEE VRAE.
- Beantwoord EEN van die TWEE vrae.

## VRAAG 7: OUPA JOB KOM TERUG – CECILIA KRUGER

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Simon is baie opgewonde. Hulle klas gaan vandag Johannesburg toe. Juffrou Selati het twee weke gelede vir hulle verduidelik wat hulle daar kan verwag. Sy het gesê hoe belangrik dit vir mense is om voorwerpe te versamel en dan in groot geboue uit te stal. Dit is van dié geboue wat hulle gaan besoek. |

7.1.1 Kies telkens die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (7.1.1) en die letter (A – D) in die ANTWOORDBOEK neer.
Wat gaan die klas besoek?
A 'n Biblioteek
B 'n Museum
C 'n Kunsuitstalling
D 'n Dieretuin (1)

7.1.2 Dink jy dis belangrik dat kinders weet wat in die verlede gebeur het? Motiveer jou antwoord. (1)

7.2 Wat was in die trommeltjie wat Simon se pa vir hom gewys het?

A 'n Brief
B Medaljes
C 'n Foto van sy ouma
D Koerantuitknipsels (2)

7.3 Kies uit Kolom A wat pas by die frase in Kolom B. Skryf slegs die vraagnommer (7.3.1 – 7.3.5) en die letter (A – E) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.3.1 1939 - 1945 | A Om iets veilig te bêre. |
| 7.3.2 Simon se oupa en drie mans | B Dinge wat lank terug gebeur het. |
| 7.3.3 Skatte | C Die Tweede Wêreldoorlog |
| 7.3.4 Bewaar | D 'n Foto in 'n koerant van 1942 |
| 7.3.5 Geskiedenis | E Waardevolle voorwerpe |

(5)

7.4 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

> Simon kry 'n knop in sy keel toe hy lees van die meer as seshonderd soldate wat verdrink het toe hulle skip, die SS Mendi tydens die oorlog in die Engelse kanaal gesink het.

7.4.1 Verskillende bevolkingsgroepe word in die verhaal genoem wat uit Suid-Afrika aan die oorlog deelgeneem het. Noem 3. (3)

7.4.2 Die gids vra vir Simon: "Het jy geweet dat jou oupa 'n groot held in die oorlog was? Wat beteken die onderstreepte woord? (2)

7.4.3 Wat beteken: Simon kry 'n knop in sy keel? (1)

7.5 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die blok te gebruik. Skryf net die nommer en die korrekte woord neer.

| brand oorlog dromme blikkie hawe tou punt |
|---|

Onder in die ruim van die skip was 'n klomp brandstofdromme. Job Masego, jou oupa, het 'n klein ... 7.5.1 met geweerkruit vol gemaak en dit tussen die ... 7.5.2 neergesit. Hy het 'n lang ... 7.5.3 geneem, die een punt in die blikkie gesit en die ander ... 7.5.4 by die deur van die stoor aan die ... 7.5.5 gesteek en die deur toegemaak. (5)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 8: DIE STEM VAN 'n KIND – Pieter Pieterse**

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

"Mamaropeni wa Motsumi … Mamorapeni, vrou van Motsumi, die jagter … " stuur sy suiwer stem weer die boodskap oor die donker water. Die mense wag. Is daar miskien nog 'n naam wat geroep gaan word?

8.1 Waarom roep die boodskapper Mamaropeni? (1)

8.2 Wie se stem is dit wat roep? Kies die regte antwoord. (1)

A Mohlapi
B Molaedi
C Mokgadi
D Morobula

8.3 Waarheen moet Mamaropeni gaan? (1)

8.4 Word daar nog 'n naam geroep? (1)

8.5 Voltooi die volgende sin: Die mense bly by _____ wat genoem word die plek van die _____ . (2)

8.6 Kies die STELLING uit Kolom B wat pas by die WOORD in Kolom A. Skryf slegs die vraagnommer (8.2.1 – 8.12.5) en die letter (A – E) indie ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 8.6.1 Makoro | A Die een wat die geheime oopmaak |
| 8.6.2 Gauteng | B Om iemand te spot |
| 8.6.3 Morobula | C Die groot rivier |
| 8.6.4 Uitkoggel | D Plek van goud |
| 8.6.5 Zambezi | E 'n Uitgeholde boomstam wat as boot gebruik word |

(5)

8.7 Voltooi die volgende sin deur die woorde in die blok te gebruik:

houtstellasie water saag boot pale

Morobula bou al jare lank aan sy ... 8.7.1. In die begin het baie mense kom kyk hoe hy die planke van die reuse-jakkalsbessie ... 8.7.2, maar steeds nie geglo dat dit ooit op die ... 8.7.3 sal kom nie. (3)

8.8 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae:

"Hy hoor die kinders tussen die papajabome deurkom, en deur die lande waar die mielies en die pampoene en die boontjies geplant is, al met die rivier af op pad na Morobula."

8.8.1 Molaeledi is nog self 'n kind maar sy optrede teenoor Morobula verskil van die ander kinders. Verduidelik hoe verskil hulle. (2)

8.8.2 Na aanleiding van jou antwoord in die vorige vraag, dink jy Molaeledi het reg opgetree? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

8.8.3.1 Voel jy jammer/simpatiseer jy met Mokgadi? (1)
8.8.3.2 Wat sou jy doen as jy in haar plek was? (1)

**TOTAAL AFDELING D: [20]**
**GROOTTOTAAL: [120]**